

*J.H. Boooyens*

OP WEG NA

'N CHRISTELIKE ARGEOLOGIESE WETENSKAP

### **Inleidend**

Argeologie kan omskryf word as die studie van die menslike verlede soos dit op direkte en indirekte wyse weerspieël word in oorblyfsels van kultuurskeppinge en -aktiwiteite.

Die veld van ondersoek van argeologie is egter nie slegs beperk tot die verre verlede nie, maar strek in beginsel oor die hele tydsduur van waarneembare menslike aktiwiteit. Argeoloë onderskei dikwels hiervolgens tussen prehistoriese, protohistoriese en historiese argeologie<sup>1)</sup>. Die sentrale onderskeidende faktor is die aan- of afwesigheid van skrif. 'n Ander sienwyse is dat daar net tussen primêre en sekondêre prehistorie, onderskei moet word<sup>2)</sup>.

Oor die doelstellings van argeologiese studie was daar in die verlede, en tans nog, nie eensgesindheid nie. Dit is veral ook die geval sedert die sogenaamde Nuwe Argeologie, met besondere wetenskaplike pretensies, in die sestigerjare gevestig geraak het. As algemene maar uiteenlopende doelstellings, kan die volgende geld<sup>3)</sup>:

1. om versamelaarsitems en museumvoorwerpe te bekom;
2. om dokumentasie te verskaf vir die studie van kunsgeskiedenis en geskiedenis van die argitektuur;
3. om kennis te bekom van chronologie en die opeenvolging van gebeure in die afwesigheid van geskrewe dokumente;
4. om gegewens te bekom om meer volledige beskrywend-historiese studies moontlik te maak en
5. die voorsiening van data om hipoteses te toets met die oog op die verklaring van kultuurprosesse.

Die volgende word ook as opgaaf verskaf<sup>4)</sup>:

1) Kyk Daniel 1967:24 e.v., Sentker 1967:18-21, Hole & Heizer 1973:5-7.

2) Clark in Daniel 1967:30.

3) Watson in Hole & Heizer 1973:11.

4) Knudson 1978:5.

1. rekonstruksie van kultuurgeskiedenis;
2. rekonstruksie van voormalige kultuursisteme en
3. rekonstruksie van kultuurwette.

Die verskille in benadering tot die studie van argeologiese data vloei egter nie net voort uit verskille met betrekking tot die algemene doelstellings van argeologie as sodanig nie, maar van veel meer belang, uit verskille in die wetenskapsbeskouing van verskillende outeurs. As voorbeeld hiervan is Dunnell<sup>5)</sup> van mening dat argeologie twee van die belangrikste doelstellings van wetenskapsbeoefening, te wete voorspelling en beheer, kan verwesentlik. Hiervolgens onderskei hy dan tussen „wetenskap” en ander tipes van studie, veral geskiedenis en die humaniora. Hy „beperk” die studie van argeologie deur dit te omskryf as „die studie van artefakte en die verhouding tussen artefakte, wat in terme van die kultuurkonsep beoefen word”. Dit behels blykbaar dat, deur die manipulasie van metodes en samehangende tegnieke, die artefakte (enigiets waarvan die fisiese attribute moontlik aan menslike aktiwiteit toegeskryf kan word) of gesistematiseerde data, dan vanself sal spreek<sup>6)</sup>.

Daarenteen skryf Mason en Thompson: „Archaeology is a technique of historical science, one of those sciences which do not attempt more than interpretation of a process of change. Historical sciences are different from theoretical sciences such as physics, where interpretation is aimed at controlling and predicting change in phenomena. Historical sciences share the hypothetico-deductive system with theoretical sciences but differ ... in their absolute dependence on the third component of logical inference, abduction or the use of analogy in the process of explanation”<sup>7)</sup>.

Bostaande is maar enkele van die probleme waarvoor die student van die argeologie tans te staan kom en wat heelwat besinning vereis. Die doel van hierdie artikel is egter nie om ’n diepgaande studie van die wetenskapsbeskouing van leidende argeoloë te maak nie. Die doel is slegs om in enkele hooftrekke aan te dui watter rol die evalusionisme as ’n *Leitmotiw* in die moderne argeologie, en in besonder die vroeë historiese era, speel. Dit gaan dus eerder oor die mensbeskouing in die antropologiese wetenskappe, waarvan die argeologie ’n besondere onderdeel is. Die mensbeskouing en daarmee

5) Dunnell 1971:19, 20.

6) Kyk Dunnell 1971:116, 117.

7) Mason & Thompson 1972:8.

samhangende Godsbeskouing van die verskillende outeurs, is dan ook medebepalend by die probleemstelling in die vak. Geen breedvoerige analise van die evolusieteorie word hier aangedurf nie<sup>8)</sup>.

### „Menslike” paleontologie en kultuur

Hole & Heizer in hul bekende werk, *An introduction to prehistoric archaeology*, verklaar<sup>9)</sup> dat daar 'n aantal basiese konsepte is wat betrekking het op die aard van die mens. Die mens is byvoorbeeld beide 'n biologiese en kulturele wese en besit daarby psigologiese, intellektuele, geestelike en mistiese kenmerke. Uit die oogpunt van 'n Christelike benadering van die mens in die wetenskap(pe) klink dit op die oog af na 'n aanvaarbare stellingname. Net daarna gaan dieselfde skrywers egter daartoe oor om die volgende stelling te maak: „Like other animals, man must deal with the problems of eating, protection and reproduction”. Dit impliseer dan die welbekende uitgangspunt, wat in die meeste handleidings oor die menswetenskappe aangeref word, naamlik dat daar geen wesentlike verskil tussen mens en dier is nie.

Gesien in die lig van die feit dat, soos die vak argeologie se naam aandui, argeoloë hul veral toelê op die studie van die vroeë geskiedenis van die mens, laat dit, uit 'n evolusionistiese standpunt gesien, heelwat vraagstukke na vore kom. Volgens Hole & Heizer noodsaak die feitelike verskynsel van verandering in die fossielerekord die volgende probleemstellinge:

1. Die moontlikheid bestaan dat die biologiese vermoëns van die vroeë mens op 'n laer peil was as dié van die moderne mens met wie eersgenoemde vergelyk word. Met dié moontlikheid voor oë word studies oor die gedrag van hedendaagse primate onderneem. Die uitgangspunt is dat die mentaliteit en gedrag van die vroeë vorme van die mens groter ooreenkoms met dié van primate toon as met dié van die moderne mens.
2. Die wyse waarop argeoloë in die toekoms analoë sal hanteer, sal beïnvloed word deur huidige studies wat daarop gemik is om die genetiese ver-

8) Daar is talle artikels en boeke waarin die evolusionisme krities onder oë geneem word. 'n Goeie bondige stellingname is byvoorbeeld Reinecke, S.J. s.j. Skepping en evolusie. Inst. vir bevordering van Calvinisme, Studiestuk 63, PU vir CHO. 'n Omvattende bibliografie is te vinde by Van der Walt. *The evolutionistic life and world view* (kyk literatuurlys hier onder).

9) Kyk Hole & Heizer 1973:76-78.

wantskap tussen spesies te bepaal en deur studies om die opeenvolging en chronologie van gebeure wat van voorouerlike vorme tot moderne ape en mense gelei het, te bepaal.

Hierdie besondere benadering en probleemstelling hou verband met wat Hole & Heizer as die aanvanklike uitgangspunte ("initial premises") van enige tipe analise beskou. Die skrywers beweer verder dat, vir 'n aantal persone wat nie menslike evolusie wil aanvaar nie, 'n groot deel van die argeologie in der waarheid geen bestaansreg het nie. In aansluiting hierby verklaar hulle: „Before we can study anything we must make as an operational hypothesis that it exists and it has certain properties. The existence and properties of anything are observed or deduced, and until our conception of them are confounded by the evidence, we continue to accept them”<sup>10</sup>). Hiervan kan afgelei word dat genoemde skrywers die evolusieteorie as 'n werkshiptese, ten minstes aanvanklik, op 'n geloofsgrondslag aanvaar<sup>11</sup>).

Wat die besondere vraagstukke wat deur die skrywers uitgelig is, betref, moet daarop gelet word dat, sedert Dart se beskrywing van *Australopithecus africanus* in 1924, die belang van Afrika as ontstaansgebied van die mens en dus moontlik die streek waar genoemde probleme opgelos kan word, sterk op die voorgrond geplaas is. Die werk van die Leakey's in Oos-Afrika, veral te Olduvai, het verder die aandag op Afrika as die „geboorteplek” van die mens gevestig.

Met betrekking tot onlangse werk in Oos-Afrika word ook verklaar dat argeologiese vindplekke waar klipwerktuie aangetref is, so oud as 2,5 miljoen jaar is. Voorts word gesê: „It is clear that by the time of the KBS Tuff, some hominids were already involved in behaviour patterns that were of fundamental importance for evolutionary differentiation of our species from other living primates, namely: tool manufacture and use; meat eating (and presumably hunting); and operation out of a home base. It seems

10) Hole & Heizer 1973:75.

11) Ouweneel, skryf in dié verband: „ook zónder wetenskaplike grond zou men in revolutie blijven geloven... In zijn boek *The dogma of evolution* bekritiseerde hij het evolutionisme op vernietigende wijze; maar niettemin schreef hij: 'Ons geloof in de evolutie-idee berust op onze weerzin, de tegengestelde leer der afzonderlijke zchepping aan te nemen'... En zo schrijven steeds meer natuurwetenschappers; het besef neemt toe dat men steeds geen enkele wetenschappelijke fundering van het evolutiegeloof weet te bieden – maar dat verhindert hen niet, van harte de evolutie in het geloof te omhelzen.” (Van der Graaf, Ouweneel, Van Genderen & Schuurman 1975: 34).

highly likely that food sharing and some co-operative division of labour would also have been involved. The pattern of behaviour and adaptation could have been rather similar to that so well documented for Olduvai Bed 1...''<sup>12)</sup>. Die skrywers voeg by dat hierdie navorsing in die bekken van die Rudolfmeer om die volgende rede van groot belang is: „These studies, along with the rest of paleoanthropology, represent endeavours towards an increasingly detached and well-substantiated scientific replacement of Adam and Eve and other origin allegories<sup>13)14)</sup>.

Daar moet egter op gelet word dat in die besondere studie geen hominide-oorblyfsels in assosiasie met artefakte gevind is nie<sup>15)</sup>. Die artefakte toon egter ooreenstemming met die klassieke Olduvaiwerktuie (Olduvai-vlak 1) en pas blykbaar in by die Oldovai-industriële kompleks<sup>16)</sup>.

Probleme ten opsigte van die assosiasie van werktuig en fossiel word ook te Olduvai ondervind. In 1959 het Leakey die eerste hominide-fossiel te Olduvai ontdek. Dit is aanvanklik *Zijnanthropus boisei* genoem, maar later herdoop tot *Australopithecus boisei*. Die fossiel is gevind in assosiasie met dierebeendere en klipwerktuie. In 1960 is die oorblyfsels van 'n ander hominid op 'n ietwat laer vlak as die vonds van 1959 gevind. Dit het 'n ietwat meer ontwikkelde voorkoms as *A. boisei* en is ook in assosiasie met werktuie gevind. Die vonds staan tans bekend as *Homo habilis*. Aanvanklik is gereken dat *A. boisei* verantwoordelik was vir die vervaardiging van die werktuie, maar na *H. habilis* die lig gesien het, word gereken dat laasgenoemde vir die Olduvaiwerktuie verantwoordelik was<sup>17)</sup>.

Die besondere aard van die ontdekkings, asook ander soortgelyke vond-

12) Isaac, Harris & Crader 1976:448.

13) Isaac, Harris & Crader 1976:550.

14) Hierdie standpunt toon sterk ooreenkoms met dié van Edward Tylor, een van die sogenaamde klassieke evolusioniste van die negentiende eeu en allerweë beskou as die belangrikste grondleggers van Kulturele Antropologie. In dié verband skryf Kardiner & Preble soos volg oor Tylor: "There is no mistaking the delight with which Tylor direct the attention of theologians to the beginning and transmission of their noble doctrines and beliefs. 'Theologians all to expose', was 'the mission of primitive man', as Tylor could say in poetry" (Kardiner & Preble 1961:68).

15) Isaac 1976:562.

16) Isaac 1976:563.

17) Leakey 1967:442, Clark 1970:57, 58.

ste, het ook aanleiding gegee tot die standpunt dat *A. boisei* en *H. habilis* gelyktydig kon geleef het en die meer ontwikkelde vorm nie die minder ontwikkelde vorm op 'n eenvoudige wyse opgevolg het nie<sup>18</sup>). Volledigheids-halwe moet bygevoeg word dat 'n meer ontwikkelde vorm wat tussen *H. habilis* en *H. sapiens* geplaas kan word, ook intussen die lig gesien het. Te Olduvai is hierdie vonds – *Homo erectus* – egter nie in assosiasie met werktuie aangetref nie<sup>19</sup>).

In Oos-Afrika word binne die bestek van ongeveer 5,5 miljoen jaar gelede tot ongeveer 1 miljoen jaar gelede, volgens Tobias se rekonstruksie, verskeie hominide taxa aangetref, terwyl die tydsduur vir Suid-Afrika strek vanaf ongeveer 4 miljoen jaar gelede ten opsigte van vindplekke soos Taung, Sterkfontein, Swartkrans en Kromdraai<sup>20</sup>).

Tobias het in 1974 die volgende voorlopige filogenetiese stamboom van Plioseen en Pleistoseen hominide, uit gegewens wat ten opsigte van Suid- en Oos-Afrika geld, saamgestel<sup>21</sup>):

Volgens Clark<sup>22</sup>) is die belangrikste gegewens wat as maatstawwe gebruik kan word in pogings om die gedrag van die vroeë werktuigvervaardigers te rekonstrueer, die volgende:

1. die fossiele-oorblyfsels self,
2. die geassosieerde artefakte,
3. oorblyfsels van diere en kenmerke van die vindplekke waar hul voorkom,
4. die gedrag van huidige primate (veral sjimpansees en gorillas) en
5. gegewens aangaande klimaatsomstandighede.

Wat punt 4 betref, sluit Clark<sup>23</sup>) dus aan by die voorafgaande stelling van Hole & Heizer. Clark reken dat die gedrag van die Groot Ape van Afrika van besondere belang is ten opsigte van rekonstruksie van gedrag, veral ook aangesien immunologiese gegewens daarop dui dat die Groot Ape se vertakking

18) Clark 1970: 60, Tobias 1974: 5.


19) Leakey 1967:441.

20) Kyk Tobias 1974:5, 7.

21) Tobias 1974:9.

22) Clark 1970:64.

23) Clark 1970:64, 65, 66.



uit die menslike stamboom, relatief reserw van aard is. In dié verband verskaf hy 'n oorsig oor die gedrag van sjimpansees soos dit in die Gomberivier-reservaat in Tanzanië waargeneem is. Daar is gevind dat hulle leefwyse hoogs sosiaal is, dat hulle eenvoudige werktuie vervaardig en gebruik. Hulle kies byvoorbeeld takkies uit om termiete te vang, maak gebruik van stokke om mierneste oop te breek, gebruik sponse om water uit holtes in bome op te suig, en hulle is daartoe in staat om klippe te gebruik om neute oop te breek. Hulle gooi ook met klippe en stokke tydens vertonings wat daarop gemik is om roofdiere af te skrik of as hulle opgewonde is. 'n Mate van onderlinge verdeling van voedsel, kom ook voor. Hulle is blykbaar ook van die enigste groepe sjimpansees wat op redelike groot diere jagmaak vir voedsel. Dit word onder meer daaraan toegeskryf dat plantevoedsel in hul omgewing relatief skaars kan raak.

Clark is verder van mening dat in 'n rekonstruksie van die gedragspatrone van *Australopithecinae*, bostaande aspekte van die gedrag van sjimpansees in ag geneem moet word, maar ook die feit dat eersgenoemde anatomies groter ooreenkomste met *H. sapiens* toon. Die groter brein, asook die aard van die res van die skelet toon dat die *Australopithecinae* nog meer as die sjimpansees kon vermag<sup>24</sup>).

Ten slotte moet vermeld word dat fisiese antropoloë dit nie almal eens is oor die taksonomiese posisie van die verskillende fossielvondste, en veral die *Australopithecinae*, waarna verwys is nie. Die posisie word deur Sampson soos volg opgesom: „Although there is no consensus about the most appropriate way to subdivide the australopithecine material, there is widespread agreement that (1) they belong to the Hominidae and (2) they are distinct from modern Man.

However, there are two conflicting opinions which deny 'even these basic assumptions about the taxonomic status of the australopithecines: the first claims that they are not hominids, but have more in common with the apes; the second argues that they cannot be separated from modern Man and should be incorporated in a single genus, namely *Homo*”<sup>25</sup>).

Die posisie met betrekking tot die *Australopithecinae* en ander wesens se kulturele status kan soos volg saamgevat word: „Several questions naturally

24) Clark 1970:65.

25) Sampson 1974:60.



arise. Did all the early hominids belong to these things? If not, can we tell which forms did?... there are no objective answers. Most hominid-find spots do not have artifacts, and most archeological sites do not have hominids ... and when they do ... it is questionable whether the particular fossilized hominid "owned" the site. Until we find a number of hominids preserved with tools in their hands, our response to these questions will remain largely subjective or speculative. What we can tell is that at least one lineage of beings had undergone critical behavioral transformations in the direction of humanity ... there *were* toolmaking, meat-eating, food-sharing primates around operating out of "campsites". Whether they could "talk" in any degrees goes beyond the present powers of archeologists to determine"<sup>26</sup>). Hoewel die „werktuig in die hand" 'n ietwat oordrewe stelling is, is dit 'n duidelike aanduiding van die moeilike probleem om egte assosiasie tussen artefak en maker te bepaal. Die probleem soos hierbo vir Oos-Afrika gestel, geld ongetwyfeld ook vir tydgenootlike vindplekke in Suid-Afrika. Die artefakte kon dus deur een of ander van die wesens vervaardig gewees het, of deur geen van hulle nie.

#### **Die status van menslikheid**

Uit bostaande oorsigtelike skets blyk dit dat, voortvloeiend uit die evolusionistiese „werkshipotese", aan die mens 'n *relatiewe status* in die argeologiese literatuur toegesê word. Dit is 'n uitgangspunt wat lynreg staan teenoor wat 'n *radikale status*, vanuit 'n Skriftuurlike gesigspunt gesien, genoem kan word. Vanuit die relativistiese mensbeskouing word daar dan ook 'n aantal vrae deur die wetenskaplike tot die werklikheid gerig. Die probleemstellings of vrae bepaal weer in 'n groot hoogte die metodiese handeling in die beoefening van die wetenskap.

Die besondere probleemstelling van die argeoloog met 'n relativistiese benadering kom ook na vore uit die standpunt van Sentker. Hy skryf aangaande die studie van argeologie oor die algemeen onder meer dat die argeologie nie slegs materiële voorwerpe bestudeer nie maar ook die psige en geestelike aspekte van die mens. Hy voeg by: „The psyche of man must be regarded as the instrument by means of which he is able to perceive the spiritual, that is, able to be aware of his Creator. The ultimate criterion of man

26) Howel & Isaac 1976:474.

being "man" is thus not his capacity for making tools as some archaeologists hold it to be, but his being conscious of God. Archaeology offers much study material as to the emergence of this consciousness"<sup>27</sup>). Hierdie standpunt bevat, vanuit 'n Christelike hoek besien, 'n belangrike waarheidsmoment wat met vrag opgevolg kan word. 'n Vraagteken moet egter agter die element van „emergence" geplaas word. In plaas van „wording", sou „verwording" waarskynlik meer toepaslik wees.

'n Ander voorbeeld: Binne die evolusionistiese skool van denke onderskei Dart<sup>28</sup>) twee denkrigtings wat relevant is ten opsigte van die probleem van menslike status. Die een groep lê klem op die kontinuïteitsgedagte in die organiese en nie-organiese wêreld. Daarteenoor staan die gedagterigting wat die mensheid as uniek beskou en selfs sover gaan om die verskille tussen mens en dier as kwalitatief van aard te sien. In laasgenoemde skool van denke het die „teorie van die kritieke punt" inslag gevind. Daarvolgens het menslike status, gekoppel aan sy kultuurskeppende aard, op 'n sekere stadium van ontwikkeling meteens sy ontstaan gehad.

Volgens Dart word nie-simboliese en simboliese gedrag aangetref. Volgens hom is geartikuleerde spraak en die onderliggende patrone van simboliese gedrag die belangrikste menslike kenmerk. Hy sluit ook aan by die standpunt van Geertz, naamlik dat die menslike status geleidelik sy ontstaan gehad het. Daar was dus, soos Geertz dit stel, 'n geleidelike oorgang van proto-kultuur na kultuur in die volle sin van die woord. Van nie-simboliese na simboliese gedrag. Die probleem is dus om aan te toon hoe die oorgang kon plaasgevind het.

Dart se standpunt is dat 'n wese soos die Australopithecine waarskynlik nie oor geartikuleerde spraak beskik het nie, hoewel dit reeds 'n (proto-)\* kulturele status bereik het.

Volgens hom is dit ook duidelik dat daar 'n noue verband tussen gevokaliseerde simboliek en visuele voorstellings is. Laasgenoemde is in der waarheid 'n voorwaarde vir taal. Simboliese gedrag is volgens Dart, in aansluiting by ander studente van die aangeleentheid, 'n redelik resente verskynsel. Dit het waarskynlik gedurende die latere Paleolitikum (die latere Ou Steentyd-

27) Sentker 1967:17.

28) Dart 1968:15 en volgende. Dart is natuurlik nie 'n argeoloog in die streng sin van die woord nie; wel fisiese antropoloog.

\* Skrywer se invoeging.

perk) in Europa ontwikkel. Daarvoor is daar visuele getuienis soos weerspieël in rotskuns. Dit het ook gepaard gegaan met die ontstaan van dorps-gemeenskappe. Die gemeenskappe was groot en stabiel genoeg sodat die taal – wat bestaan het uit klanke wat die plante en diere voorgestel, asook ander voorwerpe uit die omgewing gesimboliseer het wat onder meer aan hul voedselbehoefte voorsien het – van geslag tot geslag oorgedra kon word<sup>29</sup>).

Dart gaan egter verder en bespreek die proses wat volgens hom gevokaliseerde simboliese optrede voorafgegaan het. Hy verklaar onder meer, „Thus symbology arose with the gradual emergence of human awareness that he, man, and other animals lived; and that his life, and the life of all animals depended upon drink and food, and especially upon the vital parts of animals”<sup>30</sup>). Van laasgenoemde is bloed en asem die belangrikste. Bloed is egter sigbaar en hy koppel dit aan die menslike voorstelling (simbool) van bloed, aan die wydverspreide gebruik van oker (haematiet) in prehistoriese ritueel. Die belang wat aan oker geheg is, blyk uit die feit dat dit tot die vroegste bekende mynbou-aktiwiteit aanleiding gegee het en onder meer tussen 30 000 en 40 000 jaar gelede in Suidelike-Afrika 'n aanvang geneem het.

Die implikasie van bostaande is dat gevisualiseerde simboliese optrede soos die gebruik van oker, 'n belangrike voorloper van gevokaliseerde simboliese gedrag (taal) was. Dart vra homself dan die vraag af of oker nie dalk die eerste mineraal was wat tot mynbou aanleiding gegee het nie, en belangriker nog, die eerste grondstof was wat wêreldwye simboliese optrede van die mens ingelei het<sup>30</sup>).

Indien dit aanvaarbaar is om die standpunte van Sentker en Dart byeen te bring, sou dit as twee belangrike verklarings vanuit die evolusionisties-relatiwistiese mensbeskouing, aangaande die menslike status gesien kon word. Enersyds word menslike status gekoppel aan sy geleidelike gewaarwording van God ('n afgod?) en andersyds aan die geleidelike ontstaan van simboliese optrede, met taalbeheersing as die finale oorgang.

29) Dart maak melding van 'long-lived and localized communities'. Die vraag ontstaan dus of hedendaagse nomadiese jagters en versamelaars „degenerasieverskynsels” is en indien nie, op welke wyse hulle dan taal bekom het, aangesien hulle dan nooit in langblywende dorpie saamgetrek was nie?

30) Dart 1968:28.

31) Dart 1968:25.

### 'n Christelike standpunt

Hier sal nie breedvoerig op die Calvinistiese antropologie of mensbeskouing ingegaan word nie. Die volgende is ter sake:

Teenoor die evolusionisme, kan kreasionisme gestel word. Hieroor het Duvenage<sup>32)</sup> opgemerk dat met die skeppingsidee rekening gehou word met die Bybelse waarheid dat God die skepper van alle dinge is, dat hy in die dinge die moontlikheid van ontwikkeling gegee het, dat die mens na die beeld van God geskape is en daarom onherleibaar na ander vorme van organiese lewe is. Verder word erken dat God alles goed geskape het, maar dat met die sondeval daar 'n breuk tussen God en die geskape werklikheid ontstaan het wat deur Christus herstel is. In die Calvinistiese mensbeskouing word ook die volgende standpunte gehuldig:

1. Die mens is 'n unieke wese.
2. Hy is 'n antwoordgewende wese,
3. 'n verbandswese,
4. 'n eenheidswese maar
5. 'n gebroke wese.

Hierby moet gevoeg word dat die skepping uit 'n onherleibare maar tog samehangende verskeidenheid bestaan. Dit is egter nie ongeordende chaos nie, maar georden volgens 'n bepaalde struktuur en gebonde aan wetmatig-hede. Dit is die wetenskap se taak om hierdie strukture en wetmatighede teoreties eksplisiet te maak<sup>33)</sup>. Die werklikheid bestaan dus uit entiteite (konkrete dinge, feite, gebeure, samelewingstrukture en handelings) en hul modaliteite of hoedanighede/synswyses. Daar kan minstens twaalf modaliteite onderskei word, naamlik die godsdienstige (pistiese, geloof), sedelike, juridiese, estetiese, ekonomiese, taal, logies/analitiese, psigiese, biotiese, fisiese, ruimtelike en aritmetiese<sup>34)</sup>. Hierdie modaliteite is onherleibaar tot mekaar, omvat die hele werklikheid in die sin dat die mens deel het aan almal, diere aan die laaste 5, plante aan die laaste 4 en stof aan die laaste 3. Dié verskeidenheid hang egter saam. Die een veronderstel die ander, is inter-

32) Duvenage 1973:196. Kyk Duvenage 1973:19, e.v. vir verskeie van die aangeleenthede wat hier oorgeneem is.

33) Botha 1977:18.

34) Stoker 1960:165, Botha 1977:18.

afhanklik en bou op mekaar. Die laere staan onder leiding van die hoëre<sup>35</sup>). Die modaliteite is dan ook bepalend by die wetenskapsbeoefening in die sin dat die wiskunde die teorie van die aritmetiese hoedanigheid is, die biologie van die biotiese, ensovoorts<sup>36</sup>).

Dit kan dus gestel word dat as aanvanklike uitgangspunt, wat ook bepalend is by die werksipotesis van die Christelike wetenskappe, dit in geloof aanvaar word dat God die mens volkome as eenheid en in radikale onderskeid van die res van die kreatuurlike geskape het. Iemand het dit so gestel: „Die mens is 'n mens”<sup>37</sup>). Die mens is dus nie soos die dier 'n psigies gekwalifiseerde individualiteitstruktuur nie, maar uitgaande van die rangorde van modaliteite, 'n geloofsgekwalifiseerde individualiteitstruktuur. Dit kan natuurlik die ware of 'n valse geloof wees.

Aangesien dit hier om die argeologiese gaan, is, in samehang met die mensbeskouing, ook 'n kultuurbeskouing ter sake. Die teoretiese verklaringsraamwerk van die argeologie is immers die kultuurkonsep. Oor die wese van kultuur is al baie geskryf. Kortweg kan die volgende gestel word: Kultuur staan in intieme verband met die modaliteite waaraan *slegs* die mens deel het. Slegs die mens is kultuurskepper. In sy omskepping van die natuur in kultuurprodukte, kan die mens nie die natuurwette oortree nie, want slegs God is soewerein. Verder is die mens se omskeppingsvermoë beperk deur onvolkome insig en kulturele strukture en produkte, dus meestal wanstaltig en onvolmaak<sup>38</sup>). Uitgaande van dié standpunt, bestaan daar dus *geen proto-kultuur* nie maar slegs onvolkome ontplooides kultuur, wat as „kultuur” gemanifesteer is in etniese kulture wat gedifferensieerd is in verskillende grade van spesialisasie.

#### 'n Christelike argeologie?

Uit bostaande behoort dit duidelik te wees dat die Christen-wetenskaplike wat ook 'n Christelike argeologiese wetenskap wil beoefen, voor groot

35) Duvenage 1973:185.

36) Van der Walt 1978:104.

37) Van der Walt 1978:107.

38) Dit sluit die moderne hooggespesialiseerde kulture in.

probleme en uitdagings te staan kom. Die wetenskaplike tradisie van die dissipline is in hoofsaak nie-Christelik en „neutraal”. Desondanks is daar reeds uitmuntende werk gedoen, en veral sedert die sestigerjare het die dissipline fenomenale vooruitgang gemaak. Laasgenoemde geld beide op die gebied van gehalte van werk en die aantal werkers in dié besondere studieveld. Die versoeking kan dus groot wees om op onkritiese en dualistiese wyse by die bestaande tradisie aan te sluit. 'n Radikale Christelike benadering hou immers die moontlikheid in dat die Christelike argeoloog se werk as onaanvaarbaar deur vakgenote beskou sal word, en hy of sy as geëkskommunikeerde in isolasie sal moet voortploeter! 'n Onaanvaarbare oplossing en benadering tot die probleem sou wees om maar die vroeë vroeghistoriese tydvak met sy sogenaamde mensape en aapmense te ignoreer en, sê maar op die ystertydperk te spesialiseer. 'n Mate van spesialisasie is in elk geval onafwendbaar. So 'n benadering sou dan ook inpas by die aangehaalde stelling van Hole en Heizer dat, vir die nie-evolutionis, 'n groot deel van die argeologie nie bestaan nie.

'n Verder kompliserende faktor is die verskynsel dat die moderne argeologie in pogings om rekonstruksie so volledig moontlik te maak, op 'n hele aantal buurwetenskappe se hulp aangewese is. Dit sluit dissiplines soos kulturele en fisiese antropologie, geologie, fisika, paleontologie, dierkunde, plantkunde en klimatologie in. Die vraag is egter of daar, ondanks die feit dat daar baie Christene is wat die wetenskappe beoefen, wel 'n Christelike kulturele antropologie, geologie, paleontologie, ensovoorts bestaan? Indien dit nie die geval is nie, moet die bykomende vraag gestel word, naamlik in watter mate die bevindinge van die wetenskappe vir 'n Christelike argeologie aanvaarbaar en bruikbaar is. 'n Verdere vraag is of, indien daar wel 'n geringe aantal wetenskaplikes is wat genoemde dissiplines vanuit 'n Christelike hoek beoefen, hulle die belangstelling en veral die tyd sou hê, om die argeoloog tot hulp te wees.

Laasgenoemde probleme is in 'n sekere sin egter bysake, en 'n onderwerp wat bykomende studie vereis. Dit is vir die beoefenaars van elke wetenskap nodig om eers sy/haar eie huis in orde te kry.

Wat die argeologie as sodanig betref, wil dit in elk geval voorkom asof minstens die volgende sake aandag sal moet geniet, in 'n poging om dit as Christelike dissipline uit te bou:

*Die probleem van menslike status*

Uit die Genesisverhaal is dit duidelik dat die mens wel 'n kultuuroopdrag gekry het, maar behalwe vir Godgegewe beskerming – kleding<sup>39)</sup> – klaarblyklik nie die „werktuig in die hand” om die opdrag ten opsigte van die natuur uit te voer nie<sup>40)</sup>. Die potensiaal was reeds ingeskape, maar die middele het ontbreek. Die tegniek moes dus noodwendig *gestadig*<sup>41)</sup> – dink aan die sondeval – tot ontplooiing kom en dan ook nie in 'n eenlynige ontwikkelingsrigting nie.

Die Bybel gee ook geen uitsluitel oor die fisiese voorkoms van die eerste mense nie, behalwe dat hulle soos die res van die kreatuurlike goed geskape was as kroon van die skepping en beeldraers van God. Laasgenoemde saak moet in die geestelike sin geïnterpreteer word.

Dit wil voorkom asof die enigste kriterium wat in die argeologie aangelê kan word om die menslike status van fossiele te bepaal, die dikwels geringe aantal uit die totaal van kultuurprodukte is wat op die oppervlakte voorkom of deur middel van opgrawings blootgelê word.

Samevattend sou dit beteken dat, altans wat die vroeë vroeghistoriese era betref, die belangrikste metodologiese probleem in die argeologie geleë is in die bepaling van die „kulturele status” van artefakte. 'n Aangeleentheid wat bemoeilik word deur die verskynsel dat diere ook werktuie gebruik en „vervaardig”. As *egte* assosiasie egter tussen fossiel en artefakte bepaal is, in die sin dat die fossiel tydens sy lewe die skepper van die *kulturele* oorblyfsels was, het die argeoloog met 'n *argeologiese vindplek* ('n vindplek waar die kultuurkonsep as teoretiese verklaringsraamwerk bruikbaar is) te doen, wat verdere argeologiese analise vereis. In gedeeltelike aansluiting by Sentker se stelling sou die ideaal wees om uiteindelik vas te stel of die kultuurreste daarop dui dat die skeppers daarvan bewus was van God of 'n afgod, aangesien die mens in al sy hoedanighede uiteindelik die geloof antisipeer<sup>42)</sup>.

39) Die velklere se primêre funksie was eties van aard.

40) Gen. 3:21, 23. In Gen. 2:15 word na geen besondere implimente verwys nie.

41) Kyk Gen. 3:17, 18. In Gen. 4:2 word vermeld dat die mens reeds met veeboerdery en landbou bekend was. Later word ook na ander kultuurboers verwys, soos Kain, wat 'n stad gebou het, Jabal as vader van die tentbewoners en Tubal-Kain, die smid (Gen. 4:17, 20, 22).

42) Kyk Stoker 1960:167.

Dit is egter van die moeilikste argeologiese opgawes<sup>43</sup>).

Die Christelike argeoloog hoef dus nie soos Hole en Heizer indirek impliseer, sy vak op 'n beperkte skaal te beoefen nie. Hy/sy sal byvoorbeeld ook aandag moet skenk aan dieregedrag. Hy sal dus dieselfde vrae, dieselfde vrae op 'n ander wyse en ook ander vrae as die „neutrale” argeoloog aan dié aspek van die werklikheid, wat sy besondere veld van ondersoek is, rig.

Die Christelike argeoloog sal en moet ook van analogie as metode gebruik maak, maar onder die besef dat die studie van onder meer dieregedrag eintlik net antwoorde bied oor dieregedrag<sup>44</sup>). Laasgenoemde kan nooit soos die mens refleksief bewus wees en logies-toekomsgerig handel nie<sup>45</sup>)<sup>46</sup>).

In die Christelike argeologie kan verder rekening gehou word met die ont-plooiing van die menslike taal<sup>47</sup>) en kultuur, maar onder die besef dat taal en kultuurvermoë van die begin af volledig ingeskape was, en dat die mens van sy ontstaan af volledig simbolies kon optree. Dierlike kommunikasie berus op die psigiese superstraat, menslike taal op die logiese/analitiese substraat.

As opgaaf van kultuurontplooiing vra die Christen-argeoloog dus nie na oorgange nie maar na voortgang, nie slegs na ontwikkeling nie, maar ook na agteruitgang. Kulturele „evolusie” is nooit objektief en normvry nie, maar subjektief en normgebonde<sup>48</sup>).

43) Piggott 1965:9-10. Hy wys daarop dat 'n argeologiese rekonstruksie, die volgorde van moeilikheidsgraad: tegnologiese rekonstruksie, bedryfslewe, sosiale struktuur en godsdienstige instellings met gepaardgaande geestelike lewe, is.

44) Die vergelyking van dieregedrag met menslike gedrag is analogies van aard. Is „analoe” wat getref word tussen byvoorbeeld bostaande jagters en versamelaars om argeologiese bevindings oor voormalige jagters en versamelaars te inpreteer, dan nie wesentlik „homoloë” nie? Enige vergelykende studie is natuurlik vol slaggate.

45) Stoker 1960:170: Refleksief bewus -- om bewus te wees dat jy bewus is.

46) Menslike handeling dra natuurlik ook 'n sterk emotiewe inhoud en is (meestal) nie ontdaan van gevoel nie. Dierlike „gevoelens” sluit egter nie etiese liefde in nie, hoewel 'n hond „lief” (afhanklik) kan wees vir sy baas.

47) Vir die vroeë vroeghistoriese tydvak is dit 'n onmoontlike opgaaf. Taal is egter maar een aspek van kultuur.

48) Die enigste absolute maatstaf van ontwikkeling is geleë in die wyse waarop die mens sy kultuuroopdrag tot eer van God uitvoer, en daarna uit liefde tot sy medemens. Die motief agter handeling en denke is dus van groot belang.



### *Terminologie en klassifikasie*

In alle wetenskappe moet soveel moontlik abstraherend-selektief, analities, metodies, sistematies en verifiërend/valsifiërend, te werk gegaan word, met die oog op die bereiking van teoretiese formulerings wat vir 'n besondere kennisveld geld<sup>49</sup>).

Die wetenskaplike werkwyse vereis dus logies-sistematiserende optrede. Dit behels die daarstelling van abstrakte kategorieë as eenhede van ondersoek en klassifikasie met gepaardgaande „naamgewing”, dit wil sê die skeping van konsepte<sup>50</sup>).

Die wetenskap is verder gewortel in nuuskierigheid en verwondering, wat lei tot vraagstelling. Die formulering van die vrae is, soos reeds gesê, nie waardevry nie en word uiteindelik deur 'n besondere Gods- en mensbeskouing bepaal, wat weer 'n besondere wetenskapsbeskouing onderlê. Die Christen hoef natuurlik nie *qua* Christen, noodwendig Christelike wetenskap te beoefen nie<sup>51</sup>). Hy/sy kan op dualistiese wyse wetenskap beoefen deur die werkshiptesis wat voortvloei uit die nie-Christelike uitgangspunte soos in sy dissipline se tradisie gesetel, te aanvaar. Dit is egter nie radikale Christelike wetenskapsbeoefening nie.

Met verwysing na die argeologie, en in praktiese terme, kan die volgende opmerkings gemaak word: As sinoniem vir dienaam van die vak, word dikwels die terme *Prehistorie* of *Voorgeskiedenis* gebruik. Soms word ook die woordgroep *Prehistoriese Argeologie* daarvoor gebruik. Die term *prehistorie* is verder benewens die naam van die dissipline, ook 'n verwysingsterm na 'n besondere era. Hoewel die term klaarblyklik nie geskep is op grond van die uitgangspunt dat die mense van dié vervange era nie aan die menslike geskiedenis deelagtig was nie<sup>52</sup>), dra dit tog sodanige konnotasie. As blote onderskeidende term tussen 'n skriflose en skrifhebbende era, is dit ook nie aanvaarbaar nie, aangesien dit by implikasie beteken dat geskiedenis – skrif. In dié verband is Piggott se onderskeid tussen tekslose („text-free”) en tekshebbende („text-aided”) argeologie, 'n uitstekende insig, aangesien die soge-

49) Kyk Stoker 1960:136, Botha 1977:13, 14, 26.

50) Kyk Dunnell 1971:23 en volgende.

51) Kyk Botha 1977:46 en volgende

52) Kyk Daniel 1967:24 en volgende.

naamde proto-historiese era ook daardeur gedek word<sup>53</sup>).

Die term *prehistories* is egter diep gewortel in die tradisie van die vak. 'n Ander term sal waarskynlik nie maklik inslag vind nie. In beginsel sou die term *vroeghistories* minstens as verwysing na die sogenaamde prehistoriese era wat deur die argeoloog ondersoek word, egter veel meer aanvaarbaar wees.

Dit laat die naam *Argeologie* self, wat letterlik *Oudheidkunde* beteken. Dit het natuurlik geen prinsipiële implikasies ten opsigte van 'n besondere siening van die mens nie, maar in die praktyk is die argeoloog se studieveld tog nie net tot die vroeghistoriese oudheid beperk nie.

'n Ander aangeleentheid wat bepaald aandag moet geniet, is die klassifikasie van mensetipes uit die vroeghistoriese eras. In dié verband moet toegegee word dat dit die bioloog se reg is om op grond van sekere morfologiese en seriologiese studies verskillende lewensvorme in een of ander indeks te plaas. As sodanige klassifikasie egter evolusionistiese implikasies het, kan die Christen-argeoloog homself egter die reg voorbehou om sodanige indeling te verwerp en die vorme dan volgens sy eie insig te klassifiseer. Die bioloog hoef natuurlik nie die argeoloog se skema te aanvaar nie.

In hierdie verband kan as voorbeeld na 'n enkele geval verwys word: Dit is bekend dat die sogenaamde *Homo neanderthalensis* 'n lang tyd, en in sommige gevalle selfs tans nog, volle menslike status ontsê is<sup>54</sup>). Dit word hoofsaaklik gedoen op grond van sekere afwykende kenmerke in die morfologie van die wese, wat sogenaamde primitiewe kenmerke vertoon. Uit argeologiese ondersoek, is egter onder meer vasgestel dat die neanderthalers die skeppers was van die Europese Moustierkultuur. Kulturele rekonstruksie dui daarop dat hulle jagters en versamelaars was, wat van houtspiese en samegestelde wapens, soos houtspiese met klippunte, gebruik gemaak het. Hulle het klaarblyklik ook van vuur gebruik gemaak, en hul dooies is versigtig begrawe tesame met grafgoedere (en oker). Gewondes en siekes is versorg. Hulle was dus volkome mense, in die kulturele sin van die woord.

Dit is waar dat die verskynsel en proses van fisiese differensiasie nie ontken kan word nie; daarvan is die resente mens self 'n voorbeeld. Daar is seker ook 'n minimum verband tussen struktuur en funksie, maar om menslike

53) Piggott 1965:12.

54) Kyk Beals & Hoijer 1971:43, 44.

status aan fossiele vondste te onthou, bloot op grond van sekere morfologiese eienskappe, gaan nie sonder meer op nie.

Die vraag is dus of dit werklik nodig is om die resente mens op 'n evolutionistiese voetstuk te plaas deur na hom te verwys as *Homo sapiens Sapiens*. Waarom kan die koepelterm, *Homo sapiens recens* nie gebruik word met onderafdelings soos *Homo sapiens asiaticus* en *H. sapiens afer* en dies meer nie.

Die resente mens kan dan van morfologies onderskeie en uitgestorwe tipes onderskei word, deur na laasgenoemde as *Homo sapiens antiquus*, of iets in dier voege, te verwys, met onderafdelings soos *Homo sapiens neanderthalensis* en *H. sapiens steinheimensis* of wat die besondere geval ook al mag wees. Al vereiste is dat die argeoloog die kulturele status van die uitgestorwe vorme verseker moet kan aandui. Dit is dus noodsaaklik dat, in elk geval wat die argeoloog betref, in 'n klassifikasie van die mens uit die vroeghistoriese tydvak, daar van 'n mengsel van kriteria gebruik gemaak word. Die argeoloog is tog immers nie 'n fisiese antropoloog of paleontoloog nie, maar kan met vrug van hul bevindings gebruik maak.

Moet die mens inderdaad nie uit die dierlike taksonomie geneem word en as unieke eenheidstruktuur uit die Ryk: *animalia*, gelig word nie? Indien wel, sal in sodanige skema geen plek wees vir sogenaamde *praehomininae* (voormense) nie, maar slegs vir *hominidae* (mense).

### Slotopmerkings

Uit hierdie oorsig is dit duidelik dat die opgaaf van die Christen argeoloog, nie beperk hoef te wees tot 'n sekere tyd en plek nie. Die kern van die argeologiese studie is die mens en sy kultuur. Dit sluit die verband tussen mens en sy interkulturele en natuurlike omgewing in. Aangesien die argeoloog, uit die aard van sy data, grootliks afhanklik is van uitinge van die tegniese vaardigheid van die mens, moet erken word dat die grens tussen kultuur en natuur, veral in die vroeë vroeghistoriese era, as gevolg van tegnologiese onontplooidheid en die vernietigingswerk van die tyd, ook vir die Christen-argeoloog 'n probleemgebied is. Dit is egter geen geldige rede vir die Christen-argeoloog om dié sake te ignoreer nie. Die teendeel behoort eintlik waar te wees. Solank geen egte assosiasie egter tussen artefakte en (mensagtige) fossiele vondste vasstelbaar is nie, kan sodanige fossiele minstens voorlopig, as onklassifiseerbaar beskou word. Dit kan ook voorsien word dat voorlopige onklassifiseerbaarheid, die gevolg mag wees daarvan dat 'n vonds buite die grense van die vermoë tot wetenskaplike analise val, maar dan moet dit as sodanig erken word.

As die substraat van kultuur in die logiese en die superstraat in die geloofshoedanigheid van die mens gelê is, sou die laaste ideale en onomstootlike maatstaf van menslikheid lê in die bevinding dat die voormalige kultuurdraers ook 'n god of dié God probeer dien het. Daarin is miskien die belangrikste opgaaf van die argeologie geleë, want slegs in die besef van menslike onvolkomendheid kan 'n vae besef van God se onbegryplike genade verkry word.

#### BIBLIOGRAFIE

- BEALS, R. & HOIJER, H. 1971. An introduction to anthropology. Macmillan, New York.
- BOTHA, M.E. 1977. Elementêre inleiding tot die wetenskapsleer. Studiegids 93-77, PU vir CHO.
- CLARK, J.D. 1970. The prehistory of Africa. Thames and Hudson, Southampton.
- DANIEL, S. 1967. The origins and growth of archaeology, Penguin, Middlesex.
- DART, R.D. 1968. The birth of symbology. *In African studies*, vol. 27, nr. 1.
- DUNNEL, R.C. 1971. Systematics in prehistory. Free Press, New York.
- DUVENAGE, B. 1973. Die Calvinistiese antropologie. *In De Klerk, W.J. et. al. Roeping en werklikheid.* Herald, Potchefstroom.
- DUVENAGE, B. 1973. Sentrale calvinistiese uitgangspunte. *In De Klerk, W.J. et. al. Roeping in werklikheid.* Pro Rege, Potchefstroom.
- HOLE, F. & HEIZER, R.F. 1973. An introduction to prehistoric archeology. Holt, Rinehart & Winston, New York.
- HOWELL, F.C. & ISAAC, G.LI. 1976. Paleoanthropology – Introduction. *In Coppens et. al. Earliest man and environment in the lake Rudolf basin* Univ. of Chicago Press.
- ISAAC, G.LI. 1976. Plio-pleistoseen artifact assemblages from East Rudolf, Kenya. *In Coppens, et. al. Earliest man and environments in the Lake Rudolf basin.* Univ. of Chicago Press.
- ISAAC, G.LI., HARRIS, J.W.K., & CRADER, D. 1976. Archeological evidence from the Koobi Fora formation. *In Coppens, Y. et. al. Earliest man and environments in the Lake Rudolf basin.* Univ. of Chicago Press.
- KARDINER, A. & PREBLE, E. 1961. They studied man. Mentor Book, New York.
- KNUDSON, S.J. 1978. Culture in retrospect. Rand McNally, Chicago.
- LEAKEY, M.D. 1967. Preliminary survey of the cultural material from beds I and II, Olduvai Gorge, Tanzania. *In Bishop, W.W. & Clark, J.D. (red.) Background to evolution in Africa.* Univ. Chicago Press.
- MASON, R.J. & THOMPSON, I. 1972. Logical inference in archeological interpretation. *In Goodwin Series nr. 1, S.A. Archaeological Society, Cape Town.*

QUWENEEL, W.J. 1975. Wat is evolutionisme? *In* Van der Graaf, J., et. al. Evolutive en geloof. Kok, Kampen.

PIGGOTT, S. 1965. Approach to archaeology. McGraw-Hill, New York.

SAMPSON, G.C. 1974. The stone age archaeology of Southern Africa Academic Press, New York.

SENTKER, H.F. 1967. Archaeology and South Africa. *In* Unisa, Ann. J. of the Univ. of S.A.

STOKER, H.G. 1961. Beginsels en metodes in die wetenskap. Pro Rege, Potchefstroom.

TOBIAS, P.V. 1974. Recent studies on Sterkfontein and Makapansgat and their bearing on hominid phylogeny in Africa. *In* Progress in later cenozoic studies in South Africa. Goodwin Series nr. 2, South African Archaeological Society. Cape Town.

VAN DER WALT, B.J. 1978. Horizon. Potchefstroom University, Potchefstroom.

\*\*